



## GEBRUIKSTERME

(Weergawe geldig vanaf 1 November 2011)

Welkom by die webtuiste van die Universiteit Stellenbosch tans geleë te [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za).

### **Belangrike Kennisgewing**

- (1) Lees asseblief ons gebruiksterme versigtig. Jou gebruik van hierdie webwerf en van die dienste wat op hierdie webwerf aangebied word is onderhewig aan die geldende weergawe van ons gebruiksterme wat op hierdie webwerf beskikbaar is tydens jou gebruik. Indien jy nie ons gebruiksterme aanvaar nie mag jy nie ons webwerf binnegaan of enige van die dienste wat ons daarop beskikbaar maak gebruik nie.
- (2) Ons gebruiksterme bevat bepalings wat spesifiek daarop gemik is om ons aanspreeklikheid te beperk. Sulke bepalings is uiteengesit in hoofletters. Jy moet spesiale aandag gee aan sulke bepalings omdat hulle jou vermoë beperk om skade en verliese wat jy mag ly voortspruitend uit jou gebruik van ons webwerf van ons te verhaal.
- (3) As jy nog nie 18 is nie moet jy jou ouers of wettige voog se magtiging en toestemming kry om gebonde te wees aan ons gebruiksterme voor jy ons webwerf binnegaan, ons dienste gebruik of deelneem aan die aktiwiteite wat aangebied word. As jy jonger as 18 is en nie sulke toestemming het nie mag jy nie ons webwerf binnegaan, ons dienste benut of deelneem in aktiwiteite wat op ons webwerf beskikbaar is nie.
- (4) Ons mag ons gebruiksterme van tyd tot tyd wysig. Jy behoort dus gereeld hierdie gebruiksterme te hersien om seker te maak dat jy bewus is van die inhoud van enige wysigings daaraan. Die nuutste gepubliseerde weergawe sal gewoonlik op jou gebruik van toepassing wees tensy anders aangedui. Indien daar 'n botsing is tussen die Afrikaanse weergawe van ons gebruiksterme en die Engelse weergawe sal die Engelse weergawe geld.

Indien jy enige vrae het rakende hierdie webwerf of hierdie gebruiksterme kan jy ons Webwerf Administrateur kontak by [webinfo@sun.ac.za](mailto:webinfo@sun.ac.za).

### **1 Algemene Inligting**

Ons verskaf graag die volgende algemene inligting rakende ons universiteit:

- “Ons” is die Universiteit Stellenbosch.
- Die Universiteit Stellenbosch is ‘n tersiêre opvoedingsinstansie wat opgerig is kragtens die wette van die Republiek van Suid-Afrika.
- Ons rektor en vise-kanselier is Prof HR Botman and ons universiteitsraad se lede is beskikbaar by <http://www.sun.ac.za/university/Management/Raad.html>.
- Ons posadres is Privaatsak X1, Matieland, 7602
- Ons fisiese adres is Administrasiegebou B, Victoriastraat, Stellenbosch, Suid-Afrika en ons sal betekening van hofdokumente daar aanvaar;
- Ons telefoon en faksimilee nommers is Tel: +27 (0)21 808 9111 en Faks: +27 (0)21 808 3800
- Ons e-pos adres is [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za)
- Ons webwerf administrateur kan gekontak word by [webinfo@sun.ac.za](mailto:webinfo@sun.ac.za).

### **2 Definisies**

In hierdie gebruiksterme beteken:

- **Ons** die Universteit Stellenbosch;
- **Jy** die gebruiker van hierdie webwerf;

### **3 Algemene Gebruiksvoorwaardes**

**(1) TOEGANG TOT ONS WEBWERFDIENSTE IS GRATIS EN WORD DUS AAN JOU VERSKAF SONDER ENIGE WAARBORG HOEGENAAMD. JOU GEBRUIK VAN ONS WEBWERF, OF VAN ONS DIENSTE OF VAN DIE INHOUD WAT ONS HIER MAG BESIKBAAR MAAK IS DERHALWE OP JOU RISIKO. ONS SAL GEENSINS AANSPREEKLIK WEES VIR ENIGE VERLIESE, SKADE, BESERING, UITGAWE OF KOSTE VAN ENIGE AARD WAT MAG ONTSTAAN IN VERBAND MET JOU GEBRUIK VAN OF STEUN OP ONS WEBWERF OF DIE DIENSTE OF INHOUD DAAROP AANGEBIED NIE, ONGEAG OF DIE EIS GEBASEER IS OP 'N KONTRAK, DELIK (INSLUITEND NALATIGHEID), WET OF ENIGIETS ANDERS, BEHALWE TOT DIE MATE DAT SULKE AANSPREEKLIKHEID NIE REGTENS UITGESLUIT KAN WORD NIE, EN JY VRYWAAR ONS EN ONS PERSONEEL EN STUDENTE VAN ENIGE EN ALLE EISE WAT KAN ONSTAAN IN DIE VERBAND.**

(2) Jy mag nie jou toegang tot hierdie webwerf gebruik vir enige doel behalwe om die inhoud en dienste wat beskikbaar gemaak word te gebruik op die normale manier vir persoonlike nie-kommersiële doeleindes nie. Jy mag nie jou toegang tot ons webwerf of ons dienste of inhoud gebruik vir herverspreiding of vir jou eie besigheidsdoeleindes nie tensy ons jou uitdruklik daartoe gemagtig het in 'n afsonderlike geskrewe ooreenkoms.

(3) Jy mag nie jou toegang tot ons webwerf gebruik op 'n manier wat ons reputasie, of die van ons besigheid en/of van enige van ons personeel of studente mag benadeel nie. Voorts mag jy nie jou toegang tot ons webwerf gebruik vir enige onwettige doel of op so 'n manier dat dit ons regte of die regte van enige ander persoon skend, of die gebruik of genot van ons webwerf deur enige ander persoon belemmer of inperk nie. In hierdie verband moet jy die wette, regulasies en gedragskodes wat toepaslik mag wees op jou gebruik van ons webwerf nakom. Jy mag nie materiaal beskikbaar maak of oplaai na ons webwerf wat onwettig is of enige ander persoon se regte skend nie of wat aanstootlik is, skadelike gedrag aanmoedig, misleidend of onakkuraat is, lasterlik is, kopiereg of enige ander intellektuele eiendomsreg skend, 'n ongevraagde besigheidskommunikasie daarstel, of wat skadelik is vir data, rekenaarprogramme of die funksionering van ons of enige ander persoon se rekenaarsistels. Ons mag enige inhoud wat jy oplaai na ons webwerf te eniger tyd weier of verwyder en ons mag jou toegang tot enige gedeelte van ons webwerf opskort sonder om kennis te gee.

(4) Ons kontroleer nie die materiaal wat opgelaaai word op ons webwerf deur ons gebruikers nie en ons redigeer en filter ook nie gewoonweg sulke materiaal nie. Materiaal afkomstig van ons gebruikers, insluitend soos opgeneem in bulletinborde, gespreksforums en kommentare, verteenwoordig nie ons sienings nie en ons magtig of keur sulke materiaal nie goed nie. Materiaal op hierdie webwerf moet ook nie as professionele advies gesien word nie, hetsy medies, finansieel, regsadvies of andersins. Kontak gerus ons webwerf se administrateur as jy 'n beswaar het teen die aktiwiteite of materiaal van 'n ander gebruiker van ons webwerf.

(5) Behalwe die produkte, dienste en gebeure wat ons self aanbied, versprei of onderskryf ons ook nie enige produkte, dienste of gebeure wat op ons webwerf gelys of bemark word nie en die feit dat dit op ons webwerf verskyn beteken nie ons ondersteun dit of keur dit op enige manier goed nie. Reëlings oor sulke produkte, dienste en gebeure moet direk met die betrokke verskaffer getref word.

(6) Alhoewel hierdie webwerf skakels mag bevat wat ons webwerf koppel aan webwerwe van ander persone en omgekeerd kontroleer ons nie die aktiwiteite of inhoud van sodanige ander webwerwe nie en keur ons dit dus ook nie goed nie. Kontak asseblief die eienaar van die betrokke webwerf direk indien jy 'n klage het oor die aktiwiteite of inhoud wat daarop verskyn.

(7) Eienaarskap van die komponente van hierdie webwerf (ook soos gevestig in toepaslike handelsmerke, outeursreg en patente) behoort aan ons en ons medewerkers en besigheidsvennote, insluitend in die samestellings, kollektiewe werke en afgeleide werke wat geskep word van materiaal verskaf deur ons gebruikers. Enige afsonderlike materiaal wat jy aan ons mag verskaf sal jou eiendom bly, maar jy verleen aan ons 'n onherroeplike, voortdurende, wêreldwye, oordraagbare gratis lisensie om sulke materiaal te gebruik asof ons die eienaars daarvan was, insluitend deur self of deur iemand anders die materiaal te bemark, te reproduseer, te vertaal of andersins te wysig, te versprei, uit te saai, in 'n samestelling op te neem, te publiseer, en/of in die openbaar uit te voer.

(8) Jy kan in jou uitsluitlike diskresie kies om materiaal vanaf ons webwerf af te laai of te gebruik. Jy behoort die volledigheid en betroubaarheid van die materiaal en inligting op ons webwerf onafhanklik te verifieer. Neem ook kennis dat virusse of kode wat skadelik kan wees vir jou rekenaarstelsels na jou versend kan word. Jy is verantwoordelik om gepaste beskermingsmeganismes te implementeer om sodanige skade te voorkom.

(9) Ons behou die reg voor om sonder kennis en in ons diskresie veranderinge te maak aan enige deel van ons webwerf insluitend hierdie gebruiksterme. Ons mag dus enige aspek, funksie of kenmerk van hierdie webwerf wysig of staak sonder kennisgewing. Dit is verder jou verantwoordelikheid om hierdie gebruiksterme telkens te hersien voor jy van ons webwerf of dienste gebruik maak. Indien jy voortgaan met sodanige gebruik na publikasie van gewysigde gebruiksterme op hierdie webwerf sal jy geag word om sulke gewysigde gebruiksterme te aanvaar.

(10) Daar mag van jou verlang word om 'n gebruikersnaam en/of toegangskode te kies wanneer jy inteken op sekere dienste of om toegang te verkry tot sekere gedeeltes van ons webwerf. Jy is verantwoordelik vir die geheimhouding van sodanige intekenbesonderhede. **JY AANVAAR DAT JY PERSOONLIK AANSPREEKLIK SAL WEES VIR ALLE AKTIWITEITE EN TRANSAKSIES WAT MET JOU INTEKENBESONDERHEDE GEDOEN WORD.** Neem ook asseblief kennis dat ongemagtigde toegang tot enige deel van ons webwerf, ongemagtigde wysiging van die inhoud daarvan en inmenging met die werking daarvan kriminele oortredings is.

(11) Ons mag sekere inligting van jou en jou gebruik van ons webwerf en dienste versamel. Ons sal sulke inligting streng in ooreenstemming met ons Beleid oor Persoonlik Inligting <http://www.sun.ac.za/BeleidOorPersoonlikeInligting.pdf> versamel, hanteer, gebruik en deel met ander.

(12) Ons is geregtig om ons rekenaarstelsels te beveilig en om ons reputasie te beskerm. Neem dus kennis dat ons enige kommunikasie wat jy mag stuur na ons webwerf of ontvang via ons webwerf mag monitor en rekords daarvan mag hou. Dit sluit die gebruik van filters in om die versending van onwettige en ander onaanvaarbare materiaal te identifiseer, beperk en/of voorkom. Ons mag ook soms genoodsaak wees om sulke kommunikasies te publiseer of te gebruik vir wettige doeleindes.

(13) Jy alleen is verantwoordelik vir alle kostes wat toepaslik is op jou toegang en gebruik van ons webwerf en die dienste wat daarop aangebied word.

(14) Jy mag nie sonder ons skriftelike toestemming enige van jou regte of verpligtinge wat ontstaan in verband met jou gebruik van ons webwerf subkontraakteer, sedeer, deleger of andersins oordra aan iemand anders nie. Ons mag wel in ons diskresie en van tyd tot tyd sommige van ons regte en verpligtinge wat ontstaan in verband met sodanige gebruik subkontraakteer, sedeer, deleger of andersins oordra aan 'n ander persoon of entiteit.

(15) Hierdie gebruiksterme en enige verdere bepalinge wat uitdruklik op ons webwerf toepaslik gemaak word op die verskaffing van spesifieke goedere, dienste of gebeure, stel die geheel van die ooreenkoms tussen jou en ons daar rakende jou gebruik van ons webwerf en van die spesifieke dienste wat daarop aangebied word. Hierdie gebruiksterme sal geld ongeag of enige alternatiewe terme deur jou voorgestel word in jou kommunikasies met ons en sodanige alternatiewe terme sal nie deel uitmaak van ons ooreenkoms nie. Die geldigheid en uitleg van hierdie gebruiksterme sal onveranderd bly ten spyte daarvan dat alle elektroniese skakels nie altyd werkend mag wees nie. Indien daar 'n botsing is tussen hierdie Afrikaanse weergawe van ons gebruiksterme en die Engelse weergawe sal die Engelse weergawe geld.

#### **4 Klagtes en Geskille**

(1) Ons probeer om gehaltdiens te verskaf. As jy egter 'n klagte het kan jy gerus ons Web Administrateur kontak by [webinfo@sun.ac.za](mailto:webinfo@sun.ac.za). Ons probeer ons bes om klagtes aan te spreek. Ons benodig die volgende van jou ten einde jou klagte te hanteer:

- Jou volle name, fisiese adres, telefoon nommer en e-pos adres
- Die ligging en beskrywing van die komponent van ons dienste of die transaksie waarvoor jou klagte handel
- Die spesifieke probleem met ons dienste of die transaksie en/of die regte wat na bewering daardeur geskend of aangetas word
- Die stappe wat jy voorstel om die probleem aan te spreek
- 'n Stelling waarin jy bevestig dat jy in goeie trou die klagte lê
- 'n Stelling waarin jy bevestig dat die inligting wat jy aan ons verskaf na die beste van jou wete waar en korrek is

- Onderteken asseblief die klagte waar moontlik

(2) Die gebruik van ons webwerf en die uitleg van hierdie gebruiksterme is onderhewig aan die regstelsel van die Republiek van Suid-Afrika, en aan die eksklusiewe jurisdiksie van die Wes Kaapse Hooggeregshof, Kaapstad met dien verstande dat indien enige Suid-Afrikaanse Landdroshof in staat is om jurisdiksie te vestig oor jou as persoon, sal sodanige Landdroshof ook jurisdiksie hê om 'n geskil met jou te besleg ongeag of die bedrag betrokke by die geskil die Landdroshof se normale jurisdiksie oorskry. Jy aanvaar dat ons hofdokumente op jou kan beteken by die adres wat jy aan ons mag verskaf wanneer jy inteken op ons webwerf se dienste of as jy 'n transaksie met ons sluit.

(3) Ons versuim om enige bepaling van ons gebruiksterme streng af te dwing beteken nie dat ons van enige regte afstand doen nie. As enige bepaling van ons gebruiksterme bevind word om nietig of onafdwingbaar te wees deur 'n bevoegde hof of owerheidinstansie, sal die betrokke bepaling uitgelê word om so na as moontlik aan die oorspronklike betekenis te bly maar met die nodige wysigings om te voldoen aan toepaslike reg, terwyl die restant van die bepaling in alle opsigte van krag sal bly.